

## PRODUKSIE-AANVULLINGS

### VOERMOL ENERGIEBLOK

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Energie-aanvulling vir Herkouers

**VOERMOL ENERGIEBLOK** is 'n voerblok met 'n hoë energie-inhoud om produksie te bevorder:

- bevat proteïen van 'n goeie gehalte, waarvan slegs 57 % afkomstig van NPN is;
- is maklik om te hanteer wat arbeid bespaar en vermorsing voorkom;
- bevat die volledige reeks minerale en spoorminerale in die regte verhouding;
- bevat medikamente wat die energiebenutting van weiding verhoog. Dit help ook om domsiekte, ketose en koksidiöse teen te werk;
- is uiters geskik as aanvulling vir produserende diere soos: laatdragtige skaap- en bokooie, skaap- en bokooie met lammers, koeie met kalwers, jong groeiende diere, prikkelvoeding van ooie, afrond van diere op groenweiding.



#### SAMESTELLING VAN VOERMOL ENERGIEBLOK

REG NR V11456 (Wet 36/1947)

		(g/kg)	(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	150	Mangaan 320
Ureum	(maks)	30	Koper 20
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt 0.8
Vog	(maks)	160	Yster 150
Kalsium	(maks)	20	Jodium 4
Fosfor	(min)	6	Sink 260
Magnesium	(min)	6	Selenium 0.8
Swael	(min)	3	
			Energie (MJ ME/kg) 8.8
*57.4 % afkomstig vanaf NPN			Bevat medikamente

Verpakking – 25 kg

**Sien ureumwaarskuwing**

#### AANBEVELING

Voer die **Voermol Energieblok** as energie-mineraalaanvulling aan groeiende en produserende diere op weidings van goeie gehalte. Sulke weidings bevat gewoonlik voldoende proteïen, maar is gebrekkig aan energie asook sekere minerale en spoorminerale.



**VOERMOL**

---

## **GEBRUIKE OP GOEIE GEHALTE WEIDINGS:**

### **LAATDRAGTIGE OOIE**

Die goeie kwaliteit natuurlike proteïen tesame met die hoë energie verseker optimale ontwikkeling van die fetus(se) asook uier en gevolglik word bies- en melkproduksie gestimuleer.

**INNAME:** 250 – 300 g/ooi/dag

### **OOI MET LAM**

Gedurende laktasie is die voedingsbehoefte van die ooi op sy hoogste. Dit is dus belangrik dat die ooi goeie en voldoende voeding ontvang om te verseker dat sy 'n swaar lam speen en so gou as moontlik weer beset raak (veral in 'n intensiewe slaglamstelsel).

**INNAME:** 300 – 400 g/ooi/dag

### **KOEI MET KALF**

Die mees kritiese periode in 'n teelkoei se produksiesiklus is die eerste twee maande na kalwing. Oormatige gewigsverlies sal herkonsepsie en speenmassa benadeel.

Dit kan voorkom word deur groenweiding met **Voermol Energieblok** aan te vul.

**INNAME:** 1.4 – 2 kg/koei/dag

### **UITGROEI VAN LAMMERS, KALWERS EN VERSE**

Gebruik **Voermol Energieblok** as aanvulling vir jong, groeiende diere op groenveldweiding of aangeplante weiding.

**INNAME:** Lambers: 250 – 300 g/lam/dag  
Speenkalwers en verse: 1.4 – 1.8 kg/kalf/dag

### **DROOGTE**

**Voermol Energieblok** kan oormatige gewigsverlies onder droogtetoestande by skape en beeste voorkom.

***L.W. Voermol Energieblok bevat medikamente en moet nie aan perde gevoer word nie.***



**VOERMOL**

## UREUMWAARSKUWING

### UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

### UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

### GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



**VOERMOL**